**Maandag 6 November**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 23:15-25**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 23:24, 25**
**Verhouding met die ekonomiese wêreld (2): Werk vir mekaar, besit vir mekaar**

Wingerde en saailande in antieke Israel was gewoonlik nie omhein nie. Die wet maak voorsiening daarvoor dat ’n arm buurman of reisiger kan inloop en homself help. Let wel, hy mag net pluk wat binne bereik is en dit eet. Hy mag nie sy sakke volstop en saamvat nie. Hy mag nie ’n sekel in ’n ander man se land invat nie.

Die beginsel is naasteliefde vir een wat behoeftig is. Die beginsel geld egter ook vir die behoeftige. Hy mag nie sy naaste uitbuit of beroof of verarm nie.

Hierdie beginsel geld vandag in die besonder vir die liggaam van Christus. Ons lewe in moeilike ekonomiese tye. Ons het in die afgelope jare ’n pandemie, vloede en plundering, beurtkrag en ’n oorlog in Europa beleef. Al hierdie dinge het ’n ekonomiese impak gehad op ons almal. Inflasie, stygende rentekoerse en stygende petrolpryse was van die gevolge wat ons die duidelikste aan ons sak kon voel.

Daar is al hoe meer behoefte rondom ons. Die geloof in Jesus bind ons saam deur die Heilige Gees. Ons deel in mekaar se nood. Daarom werk ons nie net vir onsself nie en ons besittings is nie net vir eie gebruik nie. Die eerste Christelike gemeente in Jerusalem het die voorbeeld gestel deur hulle gawes gewillig en met vreugde tot nut van die ander lede aan te wend.

Die Here het dienaars in die gemeente gegee, ons diakens, wat ’n belangrike rol vervul. Ons moet hulle hande sterk maak deur die vrug op ons arbeid te sien as genadegawes uit God se hand wat ons uit dankbaarheid beskikbaar stel vir behoeftige geliefdes. Terselfdertyd word daar ’n waarskuwing aan die behoeftige gerig. Moenie met ’n sekel in ’n ander se land ingaan nie. Ontvang hulp met dankbaarheid, sonder om dié wat help, te verarm.

*Sing: Psalm 49-2:5-8*
*Ds. AP Tredoux (Alwyn) (Kemptonpark-Noord)*